e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

24 April 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die Opstanding – 'n bril tot die werklikheid

Ek glo in die evangelie van Jesus Christus nes ek glo dat die son vanoggend opgekom het – nie omdat ek daarna kan kyk nie, maar omdat ek daardeur na alle ander dinge kan kyk **(CS Lewis)**

Lees Johannes 16: 31-33

'n Wesenlike deel van hierdie evangelie is die opstanding van Jesus uit die dood. En daarom is dit gepas om te bely dat kinders van die Here nie deur 'n ander bril as Jesus se opstanding na die werklikheid kan kyk nie. Kort voor Jesus se kruisiging antisipeer Hy reeds die oorwinning wat Hy oor die dood en die Bose sou behaal. Daarom dat Hy in sy afskeidsgesprek vir die dissipels kan sê: *In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin.* Jesus is eerlik en realisties oor die lewe wat vir die dissipels voorlê. Hy het nie 'n valse werklikheid aan hulle voorgehou waarin hulle dit maklik sou hê, of 'n buitengewoon voorspoedige lewe sou lei nie. Nee, inteendeel: Hulle gaan die wind van voor kry. Jesus se gebed in Johannes 17 is een van die laaste aksies van Jesus vir sy dissipels. Dit is 'n roerende gebed waarin Hy onder meer vra dat God hulle nie uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat Hy hulle van die Bose sal bewaar.

'n Mens sou kon redeneer dat Jesus hierdie woorde tot sy dissipels rig omdat hulle die evangelie in die wêreld moet uitdra. Ons weet dat die uitdra van die blye boodskap inderdaad met felle vervolging gepaard gegaan het. Gelowiges lewe egter nie in afsondering nie. Ons kan eenvoudig nie ons ervaring van die werklikheid, of die lewe wat ons leef, losmaak van ons geloof nie. Indien ons na Paulus se wedervaringe in 2 Korintiërs 11: 23-29 kyk, kom ons agter dat sommige van die swaarkry ook gewone lewenswerklikheid insluit. Honger, koue, dors en ontbering weens koue is ervaringe wat enige persoon kon beleef het.

Om te dink dat ons as Christene van swaarkry gevrywaar behoort te word, is kortsigtig. Nie net bring swaarkry diepte in ons geloofslewe nie (Rom 5: 2-5), dit leer ons ook om dié onaangename vír ons te laat werk. Swaarkry is nie verleentheid nie maar geleentheid. Jesus wil nie dat ons bloot slagoffers in hierdie lewe moet wees nie. Op grond van die lewende verhouding waarin ons met Hom staan, bemagtig Hy ons om in sulke moeilike omstandighede leiding te neem en uit te styg. Dit skep vir ons die geleentheid om getuies van en vir Christus te wees.

Lydenburg was onlangs in 'n bekende aktualiteitsprogram op televisie. Die talle slaggate en ander gebreke in ons onmiddellike omgewing is uitgewys. Maak dit ons moedeloos? Nee. Frustreer dit ons? Beslis. Wat ons egter daaruit kan leer, is dat wanneer dit met ons op die oog af sleg gaan, dit 'n ongelooflike geleentheid vir die evangelie skep om te blom, om relevant te wees. Jesus se oorwinning en opstanding beteken dat ons ondanks ons omgewing blymoedig en vol hoop kan wees. In plaas van 'n slagoffermentaliteit, kan ons eerder die wyse woorde onthou wat dr Brand Pretorius, bekende sakeman, by die SA Onderwysersunie uitgespreek het: *It is better to light a candle than to curse the darkness.*

Die ster oor Betlehem was 'n teken van Jesus se geboorte. Sy opstanding is egter 'n helder lig en onblusbare vuur wat in die harte van gelowiges skyn en brand. Dit is deur hierdie verligte bril dat ons na die kwansuis donker werklikheid om ons kan kyk.

Ds Willie Botha, Lydenburg

(Daar sal nie volgende week 'n uitgawe van die *e-Hervormer* wees nie. Die volgende uitgawe verskyn op Donderdag 8 Mei.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhka.org**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Giel Malan

Beroep aanvaar

- **Ds (MD) Giel Malan** van Newlands (deeltyds) na Wonderboompoort (deeltyds)

Vakante standplase

- **Gemeente Newlands** in Johannesburg beplan om eersdaags te beroep en wag aansoeke in van predikante of proponente wat in **deeltydse hoedanigheid** in die gemeente kan werk. Die gemeente het ongeveer 230 lidmate waarvan 200 belydend is. Die meerderheid lidmate is afgetredenes. Die omvang van die verantwoordelikheid en vergoeding is onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg om enige of geen van die aansoeke te aanvaar of nie. Belangstellende predikante of proponente kan 'n volledige CV e-pos na **klombard@prasa.com**. Indien u navrae het, kontak die skriba, oudl Koos Lombard, by 082 480 1723. **Aansoeke sluit op 15 Mei 2014.**

- **Gemeente Grootvlei** in die ring van Noordelike Pretoria beplan om hul vakante standplaas te vul met 'n **deeltydse bediening**. Grootvlei is 'n mikrogemeente met potensiaal om te groei. Ons benodig 'n dinamiese, kreatiewe, gesonde en energieke predikant, wat deur middel van deeltydse bediening in die gemeente kan werk. Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om die Woord suiwer te verkondig en al die gewone pastorale werk te verrig, met besondere klem op gemeentelike ontwikkeling, en om saam met die kerkraad te werk om projekte uit te bou en nuwe projekte te inisieer en te implementeer waar nodig.

  Die suksesvolle kandidaat moet oor eie verblyf en eie vervoer beskik. Die gemeente bied 'n onderhandelbare pakket met die duur van ten minste een jaar. Belangstellende predikante of proponente kan **voor of op 19 Mei 2014** 'n volledige CV stuur na **grootvleinhk@gmail.com**. Navrae kan gerig word aan ds Frikkie van Wyk (eerste konsulent van die gemeente) by 083 625 6788 of Nico Kruger (skriba/ ouderling) by 084 627 3819. Slegs gekeurde kandidate sal vir 'n onderhoud genooi word. Die gemeente behou die reg om kandidate wat nie aansoek gedoen het nie, ook te oorweeg.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Prof Piet van der Merwe

Ds Hannes Viljoen

- **Emeritusprof Piet van der Merwe** (Godsdiens- en Sendingwetenskap) is op Woensdag 23 April oorlede nadat sy toestand versleg het en hy in die hospitaal opgeneem is. Prof Van der Merwe het die afgelope paar jaar 'n stryd teen kanker gevoer. Ons innige simpatie gaan aan mev Riekie van der Merwe en hul familie. Begrafnisreëlings is nog nie getref nie, en belangstellendes kan met mev Marié van Niekerk van die administrateur se kantoor in verbinding tree by 012 322 8885 x254 vir inligting.

- Emerituspredikant **ds JH (Hannes) Viljoen** het Vrydagmiddag 18 April 'n hartaanval gehad, en is aanvanklik op Ellisras in die hospitaal (MediClinic) opgeneem, maar toe na die Harthospitaal in Pretoria oorgeplaas. Hy het mooi herstel, en is

Maandagoggend ontslaan. Na moontlik nog 'n hartaanval is hy die oggend van 23 April weer op Ellisras in die hospitaal opgeneem, waar hy voor 12:00 oorlede is. Die roudiens vind Saterdag 26 April om 11:00 plaas in Gemeente Ebenhaézer (Ellisras) waar ds Leslie Kern die diens sal lei. Ons innige simpatie gaan aan mev Hester Viljoen en hul naasbestaandes.



Mnr Robbie Schilz

- Ons het verlede week berig dat **mnr Robbie Schilz**, voorsitter van die direksie van Ons Tuis en lidmaat van Philadelphia, op Woensdag 9 April 'n operasie in Zuid-Afrikaansch Hospitaal ondergaan het vir 'n long wat platgeval het. Daarna het hy infeksie opgedoen, en Sondagmiddag 20 April is hy oorlede. Hy was 80 jaar oud. Die roudiens vind plaas om 11:00 op Vrydag 25 April vanuit Gemeente Philadelphia. Ons innige simpatie gaan aan oom Robbie se naasbestaandes en kollegas.
- **Mev Marié Joubert** van die Sinodale Kerkkantoor **se broer** is Maandag 21 April oorlede. Ons innige simpatie gaan aan Marié en hul familie.
- Talle gemeentelede ken Solly Sibiya van die Sinodale Kerkkantoor se afrolkamer. **Solly se oudste suster** (72 jaar) is Saterdag 19 April oorlede. Sy was 'n diabeet en was gereeld in die hospitaal. Die begrafnis vind plaas op Saterdag 26 April. Ons innige simpatie gaan aan Solly en hul familie.
- **Mev Karen Breedt** van die Sinodale Kerkkantoor **se moeder** is ernstig siek. Ons bid haar en Karen en hul familie baie sterkte toe in hierdie moeilike tyd.

Ds Liza Steenekamp saam met
ds Jan Prinsloo en prof Ernest van Eck

- **Ds Liza Steenekamp** is op 30 Maart in **Gemeente Witbank-Suid** georden en bevestig deur haar oupa, emerituspredikant ds Jan Prinsloo. Op die foto is Liza saam met ds Jan en prof Ernest van Eck.
- Tydens die Universiteit van Pretoria se gradeplegtigheid van 25 April ontvang twee van ons finalejaar teologiestudente **BA(Hons) in Antieketaal- en -kultuurstudie** in die Fakulteit Geesteswetenskappe. Hulle is **HJ (Henk) Labuschagne** (met lof) en **JR (Robert) van Niekerk**.

Henk Labuschagne

Robert van Niekerk

- Ons het verlede week berig dat **ds Thinus van Staden** tydens dieselfde plegtigheid 'n DD-graad ontvang; hy ontvang egter 'n **PhD-graad**.
- **Ds Wim Slabbert** neem op Sondag 27 April afskeid van **Gemeente Grootvlei** waar hy benoem was om die afgelope jaar te werk. Hy is dus weer beskikbaar vir die waarneem van eredienste in gemeentes. Kontak hom by 082 296 4150.
- **Ds C (Chantel) Francis**, wat beroepafwagtend was, het 'n kontrakpos by die NG gemeente Potgietersrus-Suid aanvaar.

aksiegroep vir bejaardes

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Glans het 'n baie groter impak op die sig van ouer persone en wanneer daar nie genoeg kleurintensiteit en kontras is nie, word dit nog moeiliker vir ouer oë om goed te sien. Laat die motorruite tint om glans te voorkom, maar moenie dit te donker maak nie, want dan is daar weer nie genoeg lig nie. Skaf 'n goeie sonbril aan wat glans verminder maar tog genoeg lig deurlaat. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.
- Die ***Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling*** (standaard hardebanduitgawe) kan bestel word van SENTIK se boekwinkel teen R49 (posgeld uitgesluit). Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291; faks 086 633 4054; e-pos **sentik@nhk.co.za**.

NHSV Dinamies vorentoe

- **47STE NASIONALE NHSV KONGRES.** Die oproep en geloofsbriewe vir die Nasionale NHSV Kongres wat plaasvind van **17 tot 19 Julie** is versend. Die sluitingsdatum vir **geloofsbriewe** is **12 Mei 2014**. Navrae kan aan die NHSV kantoor gerig word by 012 325 0117.

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor die **derde Sondag van die Opstanding, *Misericordias Domini* (4 Mei):** "Op die derde Sondag van die Paastyd kry die goedheid en genade van die Here Christus aandag. Die goedheid van die opgestane Heer het veral aan die lig getree toe Hy by verskeie geleenthede vir sy dissipels en vreemdelinge kos aangebied het en saam met hulle geëet het (vgl byvoorbeeld Luk 24: 13-35 en Joh 21: 1-19). Hierdie gedeeltes is belangrike elemente van ons Nagmaalsverstaan. Die verheerlikte Heer wat dáár die brood gebreek het, breek ook vandag nog vir ons die brood aan die Nagmaaltafel en die huistafel. Dit sal gepas wees om Gesang 296: 1 en 2 tydens die erediens te sing."

- SENTIK wil graag **beter kommunikasie** in die Kerk bevorder. 'n Vraelys wat kan vasstel hoe effektief die kerklike kommunikasie is, en wat lesers se mening oor die inhoud, formaat en waarde van die kerklike publikasies is, vorm die eerste deel van 'n omvattende proses van navorsing oor kommunikasie in die Kerk, en die resultate sal mettertyd bekendgemaak word. Ons sal dit baie waardeer **indien ons lesers die vraelys sal invul** deur die toepaslike kode te omkring. Ons vra vriendelik dat u ook die persoonlike inligting verskaf ter wille van verdere kommunikasie. Individuele antwoorde sal vertroulik gehou word, en slegs gesamentlike statistieke sal bekendgemaak word. U naam sal dus nie aan u antwoorde verbind word nie. Kry die vraelys by die volgende skakel:
  http://www.itrresolutions.co.za/NHKA2014/vraelys.html

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@gmail.com**.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 11 Mei om 08:30: Gemeente Nelspruit**
  Dankdiens vir 70 jaar, gelei deur ds Gert Macdonald
  Met uitstalling van publikasies, foto's en dokumente
  uit gemeente se geskiedenis
  Kontak die skriba, oudl Awie Willemse, by 082 377 0343

- **16-18 Mei: Geloof in Aksie Motorfietsbediening (Gemeente Randburg)**
  30 lede besoek Oos-Transvaal
  Sondag 18 Mei Gemeente Nelspruit – erediens deur ds CJ van Wyk

- **24 en 25 Mei: Gemeente Marble Hall 70 jaar**
  Alle oudlidmate, predikante en lidmate welkom
  Navrae aan Gerda by 013 261 1028 van 08:00 tot 13:00
  of by **hervmh@telkomsa.net**

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 9 Mei, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 24 April: Ds HP (Herman) van den Berg (Elandspoort)
  - Vrydag 25 April: Prof AG (Andries) van Aarde (siekte-emeritaat), dr WAJ (Wimpie) van Schoor (Primrose-Oos) en ds R (Rika) van Staden (Goudveld)
  - Saterdag 26 April: Ds HPF (Paul) Kern (Sannieshof)
  - Sondag 27 April: Dr KD (Kálmán) Papp (Bybelgenootskap)
  - Maandag 28 April: Ds P (Pieter) Rossouw (Pietermaritzburg)

- Woensdag 30 April: Ds WJ (Wimpie) Steyn (emeritus)
- Donderdag 1 Mei: Ds NM (Nick) Alberts (Wonderfontein)
- Saterdag 3 Mei: Ds E (Elritia) le Roux (Outjo / Otjiwarongo)
- Sondag 4 Mei: Ds PJ (Pierre) Roets (Springs-Oos)
- Maandag 5 Mei: Ds JP (Johan) Bester (Meyerton), dr H (Hein) Delport (Krugersdorp), ds FJ (Frik) Engelbrecht (emeritus) en dr EB (Ernest) Marran (Losberg)
- Dinsdag 6 Mei: Ds C (Cobus) Manders (Suidoos-Witbank)
- Vrydag 9 Mei: Ds L (Leon) Geel (Grimbeekpark) en dr SP (Fanie) Pretorius (emeritus)

Beplande vergaderings

- Donderdag 24 April: TOIBO
- Vrydag 25 April: SP Engelbrecht-museum
- Maandag 5 Mei: Raad vir SENTIK

’n Gedig vir Opstanding

Opstanding

Drie dae was daar duisternis... Alleen,
in diep gelatenheid, soos in die sand
’n suiwer saad wat wag op son en reën,
het al sy sterflikheid stil weggebrand:

die swaar en trae slakke van die vlees,
sy onrus, vrees, verwarringe en waan,
dat Hy, één met die Vader en die Gees,
verheerlik in die lig weer op kan staan.

Die wagte kon in daardie gloed nie kyk.
Die steen is afgewentel deur ’n wind
wat uit vier hemelstreke op die aarde stryk
dat dit vergruisel is tot stof en grint,

en soos uit diepe duisternis ’n vlam,
staan hoog en rank en smetteloos die Lam!

WEG Louw
(*Die Passie van ons Heer*. Uit: *Versamelde gedigte* 1978)

Allegaartjie

Elke waarheid gaan deur drie fases voor dit erken word. Eerstens word dit bespotlik gemaak, tweedens word dit teengestaan en dan, derdens, word dit as vanselfsprekend geag. (Arthur Schopenhauer, 1788-1860)

Kursusse en toerusting

- **PREDIKANTEVERGADERING: Woensdag 10 September**
  Tema: *Kom ons vertel...*
  Sukkel jy om jou entoesiasme oor die evangelie met passie oor te dra?
  Hoor jou gemeente jou nie meer nie?
  Voel die Bybel soms te dun wanneer jy soek na ’n preek?
  Meer inligting sal mettertyd beskikbaar wees

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis-Monumenttehuise
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Konserte en feeste

- **Vrydag 9 Mei om 19:00: Gemeente Verwoerdburg: Jukebox Roadshow**
  Met Pieter Koen, Adam, Mwah en Ricus Nel
  In die Aula (UP), kaartjies by iTicket (086 1000 291 of Pick n Pay)
  Pryse tussen R150 en R200, ten bate van barmhartigheid
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor 012 664 2044 (08:30-13:00)

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2014: 16-18 Mei**
  Vir dames van alle gemeentes
  By Paradeisos-kampterrein, naby Kameeldrift, ongeveer 30 km buite Pretoria
  Tema: *Wat is nuus?*
  Temavers: Jesaja 25: 7a (NLV):
  Hoe mooi klink die voetstappe op die berge van hulle wat goeie nuus bring...
  Sprekers: Di Janine Bevolo-Manders en Antionette Janse van Rensburg
  Kampgelde R550 per persoon
  Navrae aan Jana Peenze by 083 734 5426 / **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 / **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
  15 dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Ds Dries Beukes
  012 654 3198 / 083 447 7943
  Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**
  Gaan na **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer
  vir volledige inligting en besprekingsvorm

- **Kom toer saam deur Israel: 23 November tot 1 Desember**
  Toerleier: Ds Fanie Beukes (NHKA Wesmoot)
  Navrae aan ds Fanie by 073 167 1183 / **faniebeukes@yahoo.com**

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 3 Mei: Gemeente Vaalharts**
  Bergfietswedren oor 30 en 60 km
  Wegspringtyd: 08:30
  Plek: Hoërskool Hartswater
  Kontakpersoon: Naas 083 305 6366
  Groot prysgeld te wen en gelukkige trekkings
  SPAR Padwedloop oor 5 / 10 / 21,5 / 42 km
  Wegspringtyd: 07:00
  Plek: Hoërskool Hartswater
  Kontakpersoon: Christo 083 286 4943
  Prysgeld en koopbewyse te wen

- **Saterdag 3 Mei vanaf 08:30: Gemeente Trichardtsfontein**
  Race of grace
  70, 35, 10 km en kinderwedren
  Daginskrywings by kerk: 2 Mei 16:00-18:00, 3 Mei 06:30-08:00
  Aanlyninskrywings: **www.cycleevents.co.za**
  Navrae aan **raceofgrace2013@gmail.com**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vakansie te wen**
  15-19 September 2014
  Selfsorg by Crystal Springs vir 4 volwassenes en twee kinders
  Slegs R50
  As jy kan doen met ’n blaaskans, kontak Tobie by 083 327 1500

Basaars en markte

- **Saterdag 3 Mei vanaf 10:00: Gemeente Greylingstad: Vleisbasaar**
  Op die kerkterrein in Bothastraat
  50 km vanaf Heidelberg op ou Durbanpad
  Vleissnitte, maalvleis, wors, biltong en droë wors
  Bees, lam en hoenders, en al die gewone basaarstalletjies
  Skenkings ook baie welkom!
  Ons probeer om weer ’n rooibok te kry om op te veil
  Ons gemeente is klein met 50 lidmate, 4 ouderlinge en 4 diakens
  Navrae aan ds Fanie Naudé by 083 391 3151 / **naude.fanie@gmail.com**

- **Saterdag 10 Mei vanaf 08:00: Gemeente Magaliesmoot**
  Internasionale Karnaval
  Op hul gronde langs Laerskool Kameeldrift
  Hoëkwaliteitvleis teen uiters billike pryse
  Stalletjies sluit in witolifanttafel, veiling, handwerk, teetuin,
  verskeie eetgoed en vele meer
  Sewesrugby
  Kom kuier saam en dra hope winskope huis toe
  Kontak ds David Barnard by 083 441 1789

- **Saterdag 10 Mei: Gemeentes Krugersdorp-Wes, Tarlton en Magaliesburg**
  Familiefees met stalletjies, eetgoed en speelpark vir die kinders
  Die Penkoppe, Gerhard Steyn, Isak Davel, Karlien Husselman en Chrizaan
  Op die velde van Laerskool Krugersdorp-Noord
  Skakel Ebeth de Beer by 076 147 9816 vir meer inligting

- **Saterdag 31 Mei: Gemeente van der Hoff: *80-reënboë-basaar***
  Ons het verlede jaar die 80ste bestaan van die gemeente gevier
  en hierdie jaar ons nuwe kerkgebou ingewy
  Ons hou basaar op die nuwe kerkterrein in Springbokstraat Cul-de-Sac
  Ons nooi almal wat nie die inwyding kon bywoon nie
  Kom kuier saam – hope vars groente en vleis te koop
  Navrae aan ds Johan du Preez by 072 461 0993

ANDER NUUS

- **Vakature: Ouditklerk by Sinodale Kerkkantoor**
  Dame (35-50 jaar) om hoofsaaklik NHSV-boeke te hanteer
  Vereistes: Matriek; kennis van boekhouding tot proefbalans;
  opstel van inkomste- en uitgawestate; rekenaarvaardig;
  kennis van werksaamhede en boekhouding van NHSV ’n aanbeveling
  Verdere vereistes: Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van span te funksioneer;

goeie kommunikasievaardighede
Salaris onderhandelbaar, normale diensvoorwaardes
Sluitingsdatum vir aansoeke 31 Mei 2014
Aansoeke met CV aan mev AW Short by **annelie@nhk.co.za**
of per faks na 012 322 7909

- **Vakature: Junior Ouditklerk by Sinodale Kerkkantoor**
Vereistes: Matriek; kennis van boekhouding tot proefbalans; rekenaarvaardig
Verdere vereistes: Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van span te funksioneer; goeie kommunikasievaardighede
Salaris onderhandelbaar, normale diensvoorwaardes
Sluitingsdatum vir aansoeke 31 Mei 2014
Aansoeke met CV aan mev AW Short by **annelie@nhk.co.za**
of per faks na 012 322 7909

- **Saterdag 10 Mei om 10:00: Damesoggend**
Met dr Lourentia de Kock (sielkundige)
Basiliah Restaurant, Moreleta NG Kerk
R100 per persoon
Bespreek by Yolande Steenkamp 012 335 5708 / 64
Yolande@febaradio.co.za

- **Maandag 12 Mei: Seminaar by Stellenbosch Kweekskool**
Skool vir Antieke Taal- en Teksstudie van die Noordwes-Universiteit bied aan:
Die Tussen-Testamentêre Tydperk – Stil? Of nie? Hoekom belangrik?
Sprekers: Dr Jacobus de Bruyn, proff Pierre Jordaan en Johan Cook
Inskrywings sluit 30 April
Predikante van die NG Kerk sal 6 VBO-punte verdien
Koste: R350 per persoon
Betaal in by: NWU Diverse Rekening; lopende rekening;
rekeningnommer 670642313; kode 632005;
verwysing: jjdebOTes (ds se naam)
Alle inskrywings met bewys van inbetaling na Elmien Scott
Skryf persone wat bywoon se name (NIE gemeentename NIE)
op bewys van betaling
E-pos: **Elmien.Scott@nwu.ac.za**; faks: 018 299 1061; tel: 018 299 1607
Navrae: Jacobus de Bruyn 072 606 1661 / **jacobus.debruyn@gmx.com**

- **Ondersteun Tekkie Tax-dag op Vrydag 30 Mei**
Kontak Cornèl Theron by 012 663 8181 / **tekkietax@mweb.co.za**
www.tekkietax.co.za
Tekkie Tax-plakker vir ’n R10-donasie
5 verskillende plakkers om van te kies:
Allerhande DIERE
Basiese FAMILIEdienste
Cool KINDERS
Dienslewering aan GESTREMDES
Essensiële ONDERWYS
Op Tekkie Tax-dag dra jy jou groot plakker op jou bors
Die kleintjie dra jy op jou selfoon vir die res van die jaar
Wat ook al jou uitrusting vir die dag, *maak seker jy dra jou tekkies!*
Tooi jou tekkies op met die oulike skoenveters *Tekkie Tags*
vir ’n R30-donasie (en die plakker van jou keuse is ingesluit)

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet

dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Op u woord, o Lewe van ons lewe,
werp ons hart die doodsheid af;
deur u Heil'ge Gees daartoe gedrewe,
stap ons uit die sondegraf.
Lei ons daagliks, Lewensvors almagtig;
maak ons, Heer, Uself al meer deelagtig;
laat ons, deur u Gees herleef,
altyd na u voorbeeld streef!
(Halleluja 90: 2)

Fotobron:
ipadwallpapershop.com

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx